Love in the Time of Treason
Zubeida Jaffer

Uitgewer:
Kwela Boeke
ISBN:
9780795702754
Formaat:
Sagteband
Bladsye: 224
Prys: R145.00

Love in the Time of Treason
Zubeida Jaffer

Ayesha en Yusuf Mukadum van die klein dorpie Sarwa in Indië, baie jare al man en vrou, wag op Worcester-stasie op die Blou Trein. Aan boord van die trein is Nelson Mandela ...

Maar om by die begin te begin: Ayesha (oftewel Bibi) Dawood woon by haar ouers op Worcester. In die vyftigerjare word sy 'n vurige aktivis. Saam met mense soos Nelson Mandela en Ismael Meer (man van die bekende aktivis Fatima Meer) staan sy tereg in die berugte hoogverraadsverhore. Daar word klopjagte uitgevoer op haar ouers se huis en sy self word herhaaldelik gearresteer en in die tronk gestop. Sy bly sterk, maar toe die regering verskeie politieke organisasies verban en vooraanstaande leiers arresteer, dien dit haar gees 'n gevoelige knou toe. Sy bly egter getrou aan haar vryheidsideaal.

Intussen het Yusuf, vir wie sy 'n paar jaar tevore ontmoet het toe sy tydens 'n oorsese sending vir haar ouma in Indië gaan kuier het, van 'n skip in Durban gedros en die liefde van sy lewe tot in Worcester gevolg. Hulle trou, maar ná 'n paar jaar word Yusuf as onwettige immigrant gearresteer. Bibi weier om inligting te verskaf oor waar oorsese aktiviste-vlugtelinge hulle bevind, en sy en Yusuf moet Suid-Afrika verlaat vir Indië – Bibi met 'n vertrekpermit.

Klik hier en koop *Love in the time of treason* nou by Kalahari.net!